Internasionale Akademie vir Leierskap deur Avontuur

piet@iala.co.za **083 603 3452**
charl@iala.co.za **083 442 8620**
Faks **08666 76218**
www.iala.co.za

Vierde kwartaal 2010

2010 is besig om in die stof te byt!
Ons het by die afsluitingsfunksie op Sewefontein op die Gifberg met heimwee teruggedink aan die afgelope jaar se avonture.
Dit was ‘n goeie jaar en ons kyk met groot dankbaarheid terug op onmeetbare onverdiende guns, seën en beskerming van Bo!!

Selfs die eerste iALA huwelik van Jakes en Jana is agter die rug. Jakes het in 2009 met die SSS kursus gehelp en Jana was in 2010 ‘n groepleier.
Altwee het op hul beurt ‘n groot bydrae gelewer tot goeie iALA herhinneringe en ons wens hulle alle seën, voorspoed, geluk en baie pienkvoete vir die toekoms toe!!

Ons gedagtes is met Andre wat tans op sy alleenfietstog, wat Woensdag in Stellenbosch begin het en voor kersfees in Mosambiek moet eindig – lekker trap, 2011 wag!!!

Die vierde kwartaal was ‘n wenner in alle opsigte. Al was dit nie altyd maklik nie, het al die iALAs dit wat hulle gedoen het, met vasbyt, deurdruk en tandekners, met vlieënde vaandels voltooi.

Die fisiese uitdagings was groot en het soms met trane gepaard gegaan, maar die vasbyt was daar – ons is trots op julle, veral omdat julle jul grense met soveel suskses verder uitgeskuif het en nou weet dat julle tot nog meer in staat is. Onthou dat die verkil tussen sukses en mislukking en opgee tussen die ore lê!!!!

25 familielede het die afsluitingsfunksie bygewoon. Dit word baie waardeer. Al die ouers se belangstelling, ondersteuning en deelname deur die jaar was ‘n riem onder die hart!!! Weereens baie dankie.

Prestasies wat die laaste aand beloon is, was ondermeer:
Almal het die **Vasbyttoekenning** in die goudklas gekry en vyf in die Platinum klas – iets om op trots te wees.
Marnus is aangewys as die een wat **uitstaande leierskap** deur die jaar uitgeleef het.
Max was die beste algehele presteerder met die **vasbytuitdagings** soos oor die hele jaar gemeet.
Estie het die prestasie as die algeheel beste gemiddelde presteerder in beide akademie en vasbyt ontvang – sy is ons student van die jaar.

Elke iALA was ‘n wenner, julle het goed klaargemaak met alles wat julle begin het. Julle was ‘n lekker groep en ons sal julle onthou vir die lekker saamwerk, lekker saamkuier en selfs die saamstaan wanneer op uitnaweke sommiges bygestaan moes word toe hulle die “chucker-outs wou uitchuck.”
Ons wens julle almal groot prestasies, groot liefdes, nederigheid en ‘n mooi toekoms toe – julle het die potensiaal, hang net van julle self af!!!

Met baie liefde,
Piet (en Toffie), Miemie, Charl en Lize

Aansoeke 2011

Ons het reeds 28 aansoeke vir 2011 ontvang. Daar is slegs 5 plekke oor. Stuur julle aansoeke so gou moontlik in om teleurstelling te voorkom.

Facebook

Ons plaas BAIE fotos op ons FACEBOOK bladsy. Volg die skakels onderaan die fotobladsye in die nuusbrief of volg die skakel vanaf ons webtuiste!

Personeel 2011

Ons benodig nog ‘n personeellid met die oog op 2011. Kontak ons vir ‘n posbeskrywing. Aansoeke sluit 20 November 2010.

Waenhuiskrans na Asfontein - strandlangs

....ons sal nooit die aand vergeet wat ons na sonsondergang, in die reën, van die stoep af weggejaag is die donkerte in nie!!"

Fietsry en roei by Langebaan

'n Rustige dag se roei het in die jaar se grootste fisiese uitdaging verander toe die wind opkom vroegmiddag, en studente moes terugroei met die wind van voor!

"...roei windop het 'n nuwe dimense gekry, veral waar simpatie verwag was vir die verkluimde siele waar hulle op die strand uitgespoel/waai het en toe nog die kajakke moes terugdra kamp toe. Dink nie julle sal weer vergeet om broodjies te maak wanneer daar 'n lang fietstog voorlê nie – of hoe Thysie??"

Gifberg navigasie staptog

"...die staptog om Sewefontein het deur diep, donker en baie ruig klowe en skeure gegaan - die langste stapdag was 11 uur – en ons was ook nog verfris met bietjie reën.

.....raai wie het verdwaal en was na aan trane toe die groep verdwyn het!!! ....sonbrand en min water raak nogal 'n uitdaging om gemotiveerd te bly. ....die gevolge van rotse rol het ook 'n nuwe betenis gekry, of hoe T en J??"



Abseiling en kloofing

"....almal het hul hoogtevrees oorwin en die 30 meter abseil geniet – veral nadat die voete weer vas op terra firma was."

Die kloofing – sonder toue – was elke druppel adrenalien werd.

Gifberge
Die manne het mekaar NOG beter leer ken deur almal saam in die grot te slaap vir drie weke. Die res van die Gifberge is ook te voet en te fiets verken.

Terreininstandhouding
Die studente hou die paaie jaarliks in stand deur keurwalle te grawe en erosieslote toe te gooi. Die iALAs van 2010 het ook hul merk gelos deur baie mooi trappe na die badkamers te bou – dit gaan vir baie jare hou!

Weskus oorlewing staptog

“Die Weskusstaptog was ‘n wenner in alle opsigte, veral die mossels nadat die brood en rys te veel geraak het. Die Niewoudts se gasvryheid was ‘n lewensles vir almal en ‘n welkome bederf, terwyl daar gesweet moes word, word daar toe al die tyd fees gevier – gelukkig vir julle ne!!”

Tour ‘d Gifberg – 170km – 3 dae

“...die tour ‘d Gifberg is besig om ‘n status van sy eie te kry. Thysie het sy kleim op die Oubergpas afgesteek en kan maar gaan mielies plant op sy stukkie grond. Geluk Dirkie, jy het die drie bene en die algehele wenprys wel verdien!!! Ons hou jou dop in die toekoms.”